

Saterdag 26 Maart

Skrifgedeelte: Jesaja 64:1-9; Psalm 80

Fokusgedeelte: Jesaja 64:4

Met oop oë elke dag op pad na God se ewige werklikheid

Ons hoor die Verbondsvolk se smeekgebed om verlossing. Dat God berge sal skud in sy verskyning! Dat Hy tot ons redding sal verskyn, soos Psalm 80 dit liries beskrywe. Daardie lewende hoop van die volk het in Jesus Christus 'n heerlike werklikheid geword. Toe Hy aan die kruis gehang het, het die aarde geskud en grafte het oopgegaan. Dit was tekens dat 'n nuwe bedeling aangebreek het. Die Koning en Trooster het gekom. Paulus verklaar aan die Korintiërs dat God in Christus Jesus met sy eerste koms ons reeds in alles ryklik geseën het (1 Kor. 1:3-9). Markus verkondig daarby die wederkoms van die Seun van die mens met groot krag en majesteit (Mark. 13:24-37). Ons weet nie wanneer dit sal wees nie, maar ons wag daarop dat Hy ons nie aan die slaap kry nie. Dat ons geestelik wakker en gereed sal wees vir Jesus se terugkoms.

Die profete het van 'n heerlike toekoms gepraat. Hulle roep die volk om getrou te wees. In die Ou Testament lees ons van 'n konstante afwagting op die vervulling van God se beloftes. Daar is afwagting en verlange op die koms van die Here en sy lewende teenwoordigheid. Dit is die verlange waarvan ons hier lees. Tydens die skrywe van die profesie, sien die volk die puin van die tempel in die verwoeste Godstad. Die profeet herinner die Here aan sy magtige daede in die verlede. En hy bid dat die Here weer met krag sal optree en dat Hy berge sal skud en Hom soos 'n vuurvlam aan die nasies sal bekendmaak. Hy is die almagtige en heilige God. Hy sal soos 'n pottebakker die volk hervorm om aan Hom alleen te behoort. Sodat die heilige stad en die pragtige tempel weer as getuies van God se teenwoordigheid op aarde kan optree. "U is ons vader, Here!" Jesaja steek die hoop by die volk aan dat God Hom in hulle tyd sal openbaar.

As Nuwe-Testamentiese gelowiges weet ons dat Christus se reddingswerk reeds gedoen is. Ons verhouding met ons hemelse Vader is volkome herstel. Maar ons is ook bewus daarvan dat dit nog nie voleindig is nie. Ons is in God se teenwoordigheid, maar steier onder die aanslag van die effek van die pandemie, ekonomiese verwoesting en mense wat geweldig swaarkry. Ons vra: "Kyk uit die hemel af! Kom verander ons lot!" Hierdie gebed is gebore uit 'n diepe besef van afhanklikheid. Dit spreek nie van selfvertroue in die "tussentyd" nie, maar van Godsvertroue. Dit ontken nie die nood en noodkreet van ons lewe, ons wêreld en van die kosmos nie. Maar ons onthou altyd wie die Pottebakker is. Ons Vader vorm ons in brandende liefde om sy kinders op hierdie aarde te wees. Hy sonder ons af en stuur ons elke dag uit.

Die Here doen wat niemand op aarde kan doen nie. Hy gee ons leiding deur die Heilige Gees, sodat ons volgens sy heilige wil kan bid en leef. Die Heilige Gees het soos vuurvlamme op mense kom sit en hulle hart en verstand geopen om met warm harte vir mekaar en oop oë vir mekaar se nood die nuwe bedeling te leef. Die Gees van God lei ons deur 'n tyd van baie ontbering en ontnugtering, van soveel swaarkry en soveel struweling op politieke sowel as kerklike terrein. God lei ons deur sy Gees om te wag op die nuwe hoop en vrede wat net Hy vir ons kan bring. Daarom roep ons met vreugde en wag ons met geduld op die koms van ons Koning en Verlosser tot in ewigheid: Jesus Christus. Mag die Here ons in die geloof bly versterk en ons oë op Hom alleen vestig. Hy is die lewende hoop waarsonder ons nie kan lewe nie.

Sing: Psalm 80-1: 1

Ds. SP Venter (Sarel) (Pietersburg)